Hoër Meisieskool Paarl

Bemarking 2011

Girls' High School

Desember 2011

Geagte Ouers/Dear Parents

Hierdie 4de kwartaal was kort, maar baie kragtig! Ek wil vir elke ouer, onderwyser en leerder hartlik bedank vir al julle hulp en ondersteuning in hierdie laaste kwartaal. Ons het soveel funksies gehad, en elkeen was 'n sukses danksy julle hulp en ondersteuning.

1. **WYNVEILING 2011**
   Op 20 Oktober het ons jaarlikse wynveiling in HMS skoolsaal plaasgevind. Ons gaskunstenaar vir die aand was die bekende storieverteller en grapjas, Nico Nel, van "Maak 'n Las" faam. Die aand het afgeskop met Helene Henn wat agtergrond musiek verskaf het terwyl die lotte deur die afslaer Alistair Brown hanteer is. Ons het weereens hierdie jaar wonderlike lotte gehad wat opgeveil kon word. Baie dankie aan elke ouer, borg en donateur wat ons wynveiling moontlik gemaak het. En natuurlik, danksy ons vrygewige pappas en wynentoesiaste wat hulle harte en beursies oopgemaak het, was ons aand 'n baie groot sukses. Baie dankie ook aan al ons OOV mammas wat baie hard gewerk het om die saal en tafels te versier en die aand 'n groot sukses vir ons gaste te maak. Ons waardeer al julle harde werk ongelooflik baie!

2. **PRIZE GIVING**
   On 12 October our annual prize giving took place in Paarl Town Hall. As usual, this evening was a very glamorous affair. We honoured all our students for their hard work on academic, culture and sport level during the year and for all of their achievements. Thank you to all involved for their hard work, as it is a very big job to put together such an event.

3. **BORGE FUNKSIE**
   Op 22 November het ons dankie gesê aan al ons borge en donateurs wat elke jaar ons skool so getrou ondersteun. Ons borge funksie het plaasgevind by Nine Oaks, waar Theresa en Jakkie van der Merwe ons en ons gaste baie tuis laat voel het en 'n wonderlike atmosfeer geskep het vir 'n heerlike gesellige aand. Baie dankie aan Theresa en Jakkie vir al hulle moeite met hierdie funksie. Dit was 'n heerlike aand en almal het dit baie geniet. Baie dankie aan al ons borge en donateurs wat ons so getrou ondersteun en elke jaar en geleentheid by Girls' High 'n sukses maak.

4. **ANNUAL**
   After much anticipation and hard work, the 2011 yearbook, themed MAGIC (Make A Good Intelligent Choice), arrived on Thursday, 1 December. A special thanks to Robert Schultheiss who designed this masterpiece, and also a big thank you to Mrs Michéle Phelan for all the hours and work she put into this publication. Also a big thank you to all the sponsors who bought advertising space or who sponsored a page, without your continuous help and support, this publication won't be possible. We would also like to thank all of our parents and learners who support this initiative by purchasing a yearbook.

5. **CAROLS BY CANDLELIGHT**

   Op Sondag 4 Desember het ons jaarlikse Carols by Candlelight op Rhebokskloof plaasgevind en die groep ZAMAR het opgetree. Hiermee wil ek net elke ouer, OOV-lid, leerder en onderwyser uit die diepte van my hart bedank vir al julle harde werk en moeite om van hierdie geleentheid 'n sukses te maak. Dit was voorwaar 'n spanpoging en op die ou end het alles glad verloop. Hiermee wil ek ook vir Anton du Toit van Rhebokskloof hartlik bedank vir hulle aandeel in hierdie geleentheid. Sonder hulle samewerking en die pragtige omgewing sou Carols by Candlelight 2011 nie so suksesvol gewees het nie.

6. **LIEFDESROETE 2012**

   U is waarskynlik bewus daarvan dat ons ver gevorder is in die beplanning van 'n Astro-veld by HMS Paarl. Konstruksie gaan waarskynlik in Januarie 2012 kan begin. Aangesien die hokkieveld, in die eerste kwartaal waarskynlik nie tot ons beskikking gaan wees nie, het ons besluit om nie in 2012 'n Liefdesroete aan te bied nie – in 2013 gaan hierdie gewilde geleentheid beslis weer plaasvind.

   In die week van 6 tot 10 Februarie gaan elke dag 'n "Valentyn"- georïenteerde tema hê. Al die verskillende grade in die skool gaan hierby betrek word. Ons sal nader aan die tyd meer inligting gee hieroor. Maar wees gerus, die liefde sal in hierdie week tasbaar wees.

Mag alle leerders, personeel en ouers 'n aangename Desembervakansie hê asook 'n baie Geseënde feesseisoen saam met julle familie. Reis veilig – ons sien mekaar weer vroeg volgende jaar.

Kersgroete

Carla van Staden
HMS BEMARKING
carla@paarlgirlshigh.org.za